# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 51** **Nr 21** **7 Junie 2026**


## Die Evangelie
## Van Jesus Christus
## Ons Here

Met die behandeling van die belydenis tydens die aanddiens, het ons die afgelope tyd veral geleer oor die betekenis van die Naam en die titel van ons Here Jesus. Hy is Jesus omdat Hy red, Hy is ons Verlosser, maar Hy is ook die Christus, die Gesalfde, wat ons laat deel in die salwing van die Heilige Gees.

Hy is egter ook "*ons Here*". Hy is die Een wat ons as eiendom koop. Hy is ons Meester en Heiland. Hy is die Middelaar, die tussenganger tussen God en mens.

Ons vergeet soms so gou wat ons Here Jesus kom doen het, om na hierdie wêreld te kom, en as mens die vernedering van die kruis aan te durf. Omdat ons so bekend is met die Bybel en so goed weet waaroor die Bybel gaan, word ons soms afgestomp om die mooi dinge wat daarin staan raak te sien. Ons raak so besig om in die wêreld te oorleef, dat ons vergeet om te drink uit die fontein van lewe.

Wanneer laas was jy opgewonde om jou stiltetyd te hou? Of om iemand te vertel wat jy leer ken het van God se Woord?

Net soos liggaamlike fiksheid, moet ons geestelik fiks wees. Maar jy kan nie as jy onfiks is, dink jy gaan fiks word as jy op een dag 50 keer om die blok hardloop nie. Jy moet elke bietjie vir bietjie oefen. Jy oefen jou liggaam om gewoond te raak aan die oefening. So is dit ook in ons geestelike onfikse lewe. Moenie uitstel vir môre nie, begin vandag. Bietjie vir bietjie. Elke dag nader aan God. Elke dag toegewyd.

"*Vermy goddelose en dwase mites. Oefen jouself om godvresend te leef; want liggaamlike oefening is wel in 'n geringe mate nuttig, maar godvresendheid is nuttig in alle opsigte. Dit hou belofte in vir die huidige én die toekomstige lewe. Dié uitspraak is betroubaar en werd om ten volle aanvaar te word. Want hiervoor werk ons hard en stry ons, omdat ons ons hoop geplaas het op die lewende God, wat die Verlosser van alle mense is, veral van die gelowiges."* 1 Timoteus 4:7-10

**Kom ons doen dit vir Jesus Christus, ons Here.**

Lourens (vdm)

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***
Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*

Basdenlaan 226
Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: **Vandag**: Les 13, Ps 91-1:6 **Volgende week**: Langnaweek

**KLEUTERKLAS**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.
*(Janneke Wessels – 071 898 5900)*

## Dienspersoneel

| Datum | Wyk | Oudl Afr Diens | Oudl vir Afkondigings | Diaken | Klank | Projektor | Video Uitsending |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 07-Jun | A08 | | Leon Lourens | Riaan Van Schalkwyk | Luan van Niekerk | Adrian VNiekerk | Louise van Niekerk |
| 14-Jun | A09 | Pieter Roos | Pieter vd Dussen | Rudy Kruger | Ronell Hoogenboezem | Eric Guldemond | Johan Hoogenboezem |

## KOLLEKTES

Vandag: **Spesiale Kollekte** (tydens erediens )

Volgende week: **Barmhartigheid**

Vandag: **Emeritaatsversorging** (by die deure)

Volgende week: **Teol studente hulpfonds**

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za

# Verjaarsdae

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 07 Jun. | Monique | vd Merwe | A18 | 0725968692 |
| 08 Jun. | Melissa | Smith | B10 | 0823844293 |
| | Willie | Stodart | C03 | 0721506464 |
| | Casper | vd Walt | C15 | 0614584551 |
| 09 Jun. | Casper | Venter | B08 | 0828536637 |
| | Karin | Verreynne | C11 | 0829555369 |
| | Rudie | Vorster | A16 | 0647599366 |
| 10 Jun. | MJ | Erasmus | A10 | 0846741108 |
| | Lucia | van Wyk | B16 | 0834495679 |
| 11 Jun. | Edmund | de Beer | A11 | 0761197018 |
| | Riana | v Jaarsveld | B03 | 0828516869 |
| 12 Jun. | Wynter | du Plooy | B10 | 0825252169 |
| | Jan | Guldemond | A01 | 0834007598 |
| | Ellie | Klöckner | E01 | 0829287802 |
| | Henk | vd Mescht | B09 | 0843060199 |
| | Anne-Marie | Venter | C11 | |
| 13 Jun. | Janneke | Wessels | C12 | 0718985900 |

## *Dooplidmate*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 07 Jun. | Emma | Groenewald | A17 | 0828195947 |
| 08 Jun. | Chrisjan | vd Smit | B06 | 0828472204 |
| 09 Jun. | Ilnah | van Wyk | B15 | 0766487423 |
| | Jané | Venter | C10 | 0723803963 |
| 10 Jun. | Cornell | Engelbrecht | A14 | 0726981649 |
| 12 Jun. | Xander | du Preez | A01 | 0734443444 |
| | Mila | Kruger | A18 | 0649039993 |

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Rita Dijkstra sterk aan in Southdown Stepdown na 'n ligte beroerte (B7 – 0839682299).
- Cornelia Goosen sterk aan na 'n operasie (A9 – 0721327694).
- Andri Steynberg ondergaan komende week 'n operasie (B8 – 0837268362).
  - ***Meelewing*** word betuig met Gerrie Viljoen en seuns Gerrie en Bennie na die afsterwe van Helené. Begrafnisreëlings sal later bekend gemaak word.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

# Geluk



Theo en Brenda Venter wie se seun Christiaan op 11 Jun in die huwelik met Daniëlle Hasenbroek treë.

## *Alethea Outreach 11:00*

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

Proponent Thapelo Diphoko

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkap-masjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerk-masjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; oopmaak van rioolstelsels, verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Verkoop u, u huis?** Onthou dit is u Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag daarmee wil help. Ook testamente en boedels. Pieter Wolmarans Prokureurs 083 949 88 99.

**Betroubare huishulp Ma, Di, Do en Vrydae**-Maria Mthimunye 079 808 6614 (Verwysing Martie Vilas 071 683 0348).

Soek jy 'n lekker kuier-plek???? **Oppi Stoep Gastehuis** bied aan:- Pensionaris ontbyt op Woensdae van 10:00 tot 13:00 (bespreek asb). Lokaal vir:- werkswinkels, verjaarsdagfunksies, huweliksherdenkings, re-unies. Skakel Johan Wiegand 082 498 6314.

**Vakatures beskikbaar op kennisgewingbord:**

**Aros** – Akademiese Assistent, sluitingsdatum 8 Jun.

**Gereformeerde Skool Dirk Postma** – Engels - Hoërskool, sluitingsdatum 12 Jun.

**PKK Reddersburg** - kinder versorger, sluitingsdatum 17 Jun.


**PKK Reddersburg** – Hulp-maatskaplike Werker, sluitingsdatum 17 Jun.

**J a g - v i r - j o u - K e r k**

*Die jagseisoen is oop!!*

Ondersteun Ollie en skenk 'n bok vir die Kerk. Pa-seun, Pa-dogter jagters kan ook die projek ondersteun. Ons betaal vir die verwerking (droëwors).

Skakel Tjaart vd Walt – 082 824 2933








## ***Susters: gee gerus jou naam op!***

Ons Susters het 'n span wat elkeen 'n mamma met 'n nuwe baba besoek. Die bedoeling is om die nuweling welkom te heet en 'n geskenkie, wat die Susters voorsien, dan aan die mamma te oorhandig. Uiteraard kry elkeen op die lysie 'n beurt om so 'n besoek te doen. Teen die pas wat nuwe babas in ons gemeente arriveer, beteken dit dat elkeen omtrent een beurt in 18 maande kan kry. Indien jy voel dit val in jou kraal, kontak asb vir Phia 082 541 6388.

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**7 Junie**

Cecilia Wolmarans B18

Esmé vd Berg C1, C15

**14 Junie** (langnaweek)

Geen teeskink



## Plastiekdoppies

Ons gemeente wil graag deel wees van die bymekaarmaak van plastiese doppies.

Die uiteinde is dat ons bydraes iemand kan help om 'n rolstoel te kry.

Bring jou plastiekdoppies in 'n plastieksak kerk toe en gooi dit in die houer op die stoep.

Dink solank aan 'n oulike naam vir die projek en stuur jou voorstel per Whatsapp aan Cornea v Niewenhuizen. Teen volgende nagmaalnaweek sal die naam bekendgemaak word.

Vir enige navrae WhatsApp
Cornea v Niewenhuizen 064 532 6804



## Wyse Gryses

Maandag **8 Junie** 2026

om **<u>12:00</u>**

in die **kerksaal**

Dit is ons tradisionele Sop en Sjerrie

ete met lekker broodjies.

Bring asseblief 'n sopbakkie en lepel

saam.



*Almal welkom!*

## Musiekvoorspel inligting

Psalm 123 - Oggenddiens

Psalm 123 is 'n diep gemeenskaplike klaaglied en gebed om genade. As die vierde van die 15 "Bedevaartsliedere" (Psalms 120–134), is dit histories deur antieke Israeliete gesing terwyl hulle vir jaarlikse feeste na Jerusalem gereis het of terwyl hulle die tempeltrappe geklim het.



## Webinaar oor moontlike staatsbeheer van kerke – 20 Junie 2026

Die Deputate Owerheid bied op 20 Junie 'n webinaar aan wat handel oor die onlangse uitlatings van die voorsitter van die CRL, wat dui op moontlike staats-inmenging en staatsbeheer oor kerke in Suid-Afrika.

Tydens die webinaar sal hierdie ontwikkelinge bespreek word, asook die moontlike implikasies daarvan vir die kerk en godsdiensvryheid.




## B Y B E L S K O O L




**4 Aug – 8 Sept 2026**

**Sprekers :** Dr Douw Breed, Ds Cassie Aucamp, Ds Maarten van Helden, Ds Lourens Venter, ens.

**Tyd en plek:** Dinsdae 19:00-20:30, GK Centurion

**Kostes:** R200 pp, studente & kinders slegs R100 pp

Betaal in kerk rekening met *naam* en "*Bybelskool*" as verwysing

Kontak persoon: Christi Venter: 082 940 1555

# Liturgiese Riglyne

## SONDAGOGGEND 09:00

## Wanneer God Sy Tempel verlaat

**Skriflesing**:
Esegiël 8
(1983)

**Teksvers**:
Esegiël 11: 22-25

**Sing**:
Ps 145: 1,2,6,7
Ps 139: 1,11
Ps 99: 1,4,5
Ps 68: 1,15
Sb 13-3

Prof Naas Ferreira

Ons is dikwels vinnig om ander se sonde raak te sien. Esegiël 8 herinner ons dat God eers die geheime kamers van ons eie harte ondersoek. Die tragiese werklikheid is dat dieselfde sonde wat Esegiël ontbloot het, eeue later weer deur Jesus in die Tempel uitgewys word: wanneer eie belange, veiligheid en voortbestaan belangriker word as God se wil.

Daarom moet ons, voordat ons ander oordeel, vra: *Watter afgode koester ek nog in my hart?* Ware bekering begin wanneer ons toelaat dat God die donker plekke in ons eie lewe openbaar.

## SONDAGAAND 18:00

## Geseënde Kersfees

**Skriflesing**:
Johannes 1
(1983)

**Teksvers:**
Johannes 1:14

**HK**: Sondag 13,14

**Sing**:
Sb 5-3:1
Ld 344:1,3
Sb 4-1:1,6
Ld 348:1,3
Sb 4-6:1
Sb 13-3

Ds Maarten van Helden

Vanaand vier ons Kersfees. Ja, Kersfees in Junie.

Trek sommer iets aan wat rooi is en bring 'n geskenk... onbederfbare voedsel, of blikkieskos, wat ons daarna na ons Brugbediening se mense kanaliseer. Hulle gaan ook daar wees! (Lees Mat 22:1-14)

Vanaand sing ons Kersliedere en besin weer oor die vleeswording van die ewige Seun van God. (HK 13,14)

Daar sal lekker melkkos na die tyd vir klein en groot aangebied word, met warm koffie en tee. Kom geniet 'n middeljaar-kersprogram en erediens, en daarna 'n gesellige saamkuier in die saal of buite rondom 'n oop vuurherd met lekker melkkos!!. Of kom net.

Geseënde Kersfees in Junie!